


**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 11

PRETORIA, 10 FEBRUARY 2005
FEBRUARIE 2005

No. 53

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

Prevention is the cure

**AIDS
HELPLINE**

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH



CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
GENERAL NOTICE • ALGEMENE KENNISGEWING		
277 Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Tshwane Metropolitan Municipality: Centurion Amendment Scheme 1379C.....	3	53

LOCAL AUTHORITY NOTICE

LOCAL AUTHORITY NOTICE 277

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

CENTURION A AMENDMENT SCHEME 1379C

It is hereby notified in terms of the provisions of section 125 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the City of Tshwane Metropolitan Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township of Die Hoewes Extension 158, being an amendment of the Centurion Town-planning Scheme, 1992.

Map 3 and the scheme clauses of this amendment scheme are filed with the Acting General Manager: Legal Services, and are open to inspection during normal office hours.

This amendment is known as Centurion Amendment Scheme 1379C.

(K13/2/Die Hoewes x158)
__ February 2005

Acting General Manager: Legal Services
(Notice No 366/2005)

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 277

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

CENTURION WYSIGINGSKEMA 1379C

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 125 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Die Hoewes Uitbreiding 158, synde 'n wysiging van die Centurion-dorpsbeplanningskema, 1992, goedgekeur het.

Kaart 3 en die skemaklousules van hierdie wysigingskema word deur die Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste, in bewaring gehou en lê gedurende gewone kantoorure ter insae.

Hierdie wysiging staan bekend as Centurion-wysigingskema 1379C.

(K13/2/Die Hoewes x158)
__ Februarie 2005

Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste
(Kennisgewing No 366/2005)

CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY

DECLARATION OF DIE HOEWES EXTENSION 158 AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), the City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby declares the Township of Die Hoewes Extension 158 to be an approved township, subject to the conditions as set out in the Schedule hereto.

(K13/2/Die Hoewes x158)

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY XENON TECHNOLOGY (PROPRIETARY) LIMITED IN TERMS OF THE PROVISIONS OF CHAPTER III: PART C OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE NO 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 209 OF THE FARM LYTTTELTON 381JR, PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED.

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 NAME

The name of the township shall be Die Hoewes Extension 158.

1.2 DESIGN

The township shall consist of erven, parks and streets as indicated on General Plan SG No 2263/2002.

1.3 DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of the rights to minerals, but excluding -

- a) the following servitude which do not affect the erven in the township;

"The property shall be subject to Deed of Servitude No. 285/1934S, with reference to a right of way leave for electric energy in favour of the City Council of Pretoria."

- (b) The following servitude which only affects Erf 434 in the township, and no other erven;

"KRAGTENS Notariële Akte Nr. K3224/97S gedateer 20 Mei 1997 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n serwituu vir munisipale doeleindes, groot 1 516 vierkante meter, met bykomende regte, soos aangedui deur die figuur ABCDEF op Kaart L.G. Nr. 9002/96 ten gunste van die Stadsraad van Centurion, soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte."

1.4 PRECAUTIONARY MEASURES

The township owner shall at his own expense, make arrangements with the local authority in order to ensure that:

- 1.4.1 Water will not accumulate to the effect that the entire surface of the township area is drained properly and that streets are sealed effectively with tar, cement or bitumen; and
- 1.4.2 trenches and excavations for foundations, pipes, cables or for any other purposes, are properly refilled with damp soil in layers not thicker than 150 mm and compacted until the same grade of compaction as that of the surrounding material is obtained.

1.5 REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL AND/OR TELKOM SERVICES

Should it become necessary to remove and/or replace any existing Municipal/Telkom services as a result of the establishment of the township, the cost thereof shall be borne by the applicant.

1.6 SECTION 21 COMPANY

The applicant must establish a Section 21 Company simultaneously with the opening of the township register, which Section 21 Company must be established to the satisfaction of the Local Authority.

The Section 21 Company shall become owner and will solely be responsible for all the essential services (excluding services which are taken over by the Municipality), which are installed within the boundary of PORTION 209 OF THE FARM LYTTTELTON 381-JR.

Should the applicant open a Sectional Title Register in terms of the Sectional Titles Act 95 of 1986 over the abovementioned property and a Body Corporate is established, all rights and duties shall be transferred from the registered Section 21 Company to the Body Corporate.

1.7 CONSOLIDATION OF ERVEN

The township owner shall at his own expense consolidate Erven 434 and 435 in the township. The City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby grants its consent to the consolidation in respect of Section 92(2)(a) of Ordinance 15 of 1986 (Ordinance 15 of 1986).

2. CONDITIONS OF TITLE

THE ERVEN SHALL BE SUBJECT TO THE FOLLOWING CONDITIONS IMPOSED BY THE LOCAL AUTHORITY IN TERMS OF THE PROVISIONS OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986:

2.1 ALL ERVEN

2.1.1 The erf is subject to a servitude 3 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 3 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

2.1.2 No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.

2.1.3 The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

2.2 ERF 434

The erf is subject to a servitude for municipal purposes in favour of the Local Authority, as indicated on the General Plan.

A service servitude in favour of Die Hoewes Extension 158 Homeowners Association which only affects Erf 435 in the township, as indicated on General Plan SG No 2263/2002.

A service servitude in favour of Die Hoewes Extension 158 Homeowners Association which only affects Erf 434 in the township, as indicated on General Plan SG No 2263/2002.

STAD TSHWANE METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT

VERKLARING VAN DIE HOEWES UITBREIDING 158 TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No 15 van 1986), verklaar die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit hierby die dorp Die Hoewes Uitbreiding 158 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

(K13/2/Die Hoewes x158)

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR XENON TECHNOLOGY (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DEEL C VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE NO. 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP OP GEDEELTE 209 VAN DIE PLAAS LYTTTELTON 381JR, GAUTENG, TE STIG, TOEGESTAAN IS.

1. STIGTINGSVOORWAARDES

1.1 NAAM

Die naam van die dorp is Die Hoewes Uitbreiding 158.

1.2 ONTWERP

Die dorp bestaan uit erwe, parke en strate soos aangedui op Algemene Plan LG No. 2263/2002.

1.3 BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesonderd -

- (a) die volgende serwituut wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie:

"The property shall be subject to Deed of Servitude No. 285/1934S, with reference to a right of way leave for electric energy in favour of the City Council of Pretoria."

- (b) die volgende serwituut wat slegs erf 434 in die dorp raak, maar geen ander erwe nie

"Kragtens Notariële Akte Nr. K3224/97S gedateer 20 Mei 1997 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes, groot 1 516 vierkante meter, met bykomende regte, soos aangedui deur die figuur ABCDEF op Kaart L.G. Nr. 9002/96 ten gunste van die Stadsraad van Centurion, soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte."

1.4 VOORKOMENDE MAATREËLS

Die dorpseienaar moet op eie koste reëlings met die plaaslike bestuur tref om te verseker dat -

- (a) water nie opdam nie, dat die hele oppervlakte van die dorpsgebied behoorlik gedreineer word en dat die strate doeltreffend met teer, beton of butimen geseël word; en
- (b) slote en uitgrawings vir fundamente, pype kables of vir enige ander doeleindes behoorlik met klam grond in lae wat nie dikker as 150mm is nie, opgevolg word en gekompakteer word totdat dieselfde verdigtingsgraad as wat die omliggende materiaal is, verkry is.

1.5 VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN TELKOM EN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale en of Telkom dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

1.6 ARTIKEL 21 MAATSKAPPY

Die Applikant sal 'n Artikel 21 Maatskappy, ordentlik en wettig saamstel tot bevrediging van die plaaslike bestuur, voor of gelyktydig met dorpsstigting.

Die Artikel 21 Maatskappy is ten volle verantwoordelik vir alle noodsaaklike dienste (uitgesluit dienste wat deur die Munisipaliteit oorgeneem word) wat binne GEDEELTE 209 VAN DIE PLAAS LYTTTELTON 381-JR geleë is.

Indien die Applikant 'n Deeltitelskema registreer met betrekking tot enige deeltitel register wat ge-open mag word in terme van die Wet op Deeltitels 95 van 1986 ten aansien van bogenoemde eiendom en 'n Regspersoon tot stand kom sal alle regte en verpligtinge vanaf die gestigte Artikel 21 Maatskappy oorgaan na die Regspersoon.

1.7 KONSOLIDASIE VAN ERWE

Die dorpseienaar sal op sy eie koste toesien dat erwe 434 en 435 in die dorp gekonsolideer word en die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit geen hiermee toestemming in terme van artikel 92(2)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning. (Ordonnansie 15 van 1986)

2. TITELVOORWAARDES

DIE ERWE HIERONDER GENOEM IS ONDERWORPE AAN DIE VOORWAARDES SOOS AANGEDUI, OP GELÉ DEUR DIE PLAASLIKE BESTUUR INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986.

2.1 ALLE ERWE

- 2.1.1 Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 3 m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 3 m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
- 2.1.2 Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 m daarvan geplant word nie.
- 2.1.3 Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeë dunnke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2.2 ERF 434

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir munisipale doeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur, soos op die algemene plan aangedui.

'n Dienste serwituut ten gunste van die Die Hoewes Extension 158 Huiseienaarsvereniging wat slegs Erf 435 in die dorp raak, soos aangedui op Algemene Plan LG no 2263/2002.

'n Dienste serwituut ten gunste van die Die Hoewes Extension 158 Huiseienaarsvereniging wat slegs Erf 434 in die dorp raak, soos aangedui op Algemene Plan LG no 2263/2002.

